

# Intermediêre Fase Onderwysershandleiding

Graad  
**6**

**Kuns  
en  
Kultuur**



**WES-KAAP**  
**Onderwysdepartement**  
Wes-Kaapse Provinsiale Regering



## Indeks

Onderwysersgids .....	1
Musieknotasie .....	30
Lyfslagwerk: Maatsoortteken: Klap die maat .....	31
Skep ritmes en poliritmes.....	33
Kanon.....	34
Onderrig van Solfanotasie .....	34
Assessering .....	36
Woordeskatlys vir Graad 6.....	39



# KUNS & KULTUUR GRAAD 6

## ONDERWYSERSGIDS

### KWARTAAL 1

#### WEEK 1

**METODOLOGIE:****VISUELE KUNSTE:**

Definieer collage as 'n tegniek, bv. sny uit en plak of skeur uit en plak prente met geen spasies tussen in nie.

Kan ook ander materiale gebruik soos klippe, knope, tou, ens. Vir hierdie projek kies ons 'n tema wat op kuns van betrekking is, bv. kunstenaars soos sangers en dansers.

**DANS en DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word.

**HULPBRONNE:****VISUELE KUNSTE:**

Ou koerant, advertensieplakkate (supermark), tydskrifte vir prente, gekleurde papier vir geometriese vorms. Gom en skêr.

**DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise of buitenshuise ruimte.

**INTEGRASIE:****Dans**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Tegnologie: 1.1, 1.2, 1.3, 3.1

**ASSESSERING:**

Onderwyserassessering: 'n analitiese rubriek

#### WEEK 2

**METODOLOGIE:****VISUELE KUNSTE:**

Bespreek elemente van kuns soos lyn, toon, kleur, vorm, ruimte, dimensie, tekstuur, patroon, ritme, kontras, komposisie.

Kyk na voorbeelde van die gebruik van letters in die gedrukte media, rekenaarlettertipes, reklameborde in die gemeenskap.

Gee vir elke tafel viltpenne, verf, ink, ens. sodat hulle etikette vir die portefeulje kan maak.

Skep etikette met beskikbare kunsmedium en sny etikette uit.

**DANS en DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op terwyl die bolyf van kant na kant gedraai en die arms geswaai word. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word. Pluk appels om spiere te strek.

**HULPBRONNE:****VISUELE KUNSTE:**

Kardoespapier (wit A4-vel). Viltpenne, verf, ink, ens.  
Tydskrifte, internet, prente van kunswerk, gemeenskapsadvertensieborde. Skêr.

**DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise of buitenshuise ruimte.

**INTEGRASIE:****Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Tegnologie: 1.1, 3.1

**ASSESSERING:**

Informele assessering – kontrolelyns.

**WEEK 3****METODOLOGIE:****VISUELE KUNSTE:**

Definieer die woord portefeulje – 'n sak vir kunswerk.  
Beplan die uitleg van die omslag vir die portefeulje, bv. waar die naam moet staan en die verhouding tussen elkeen en die gebruik van ruimte.  
Oefen die gebruik van kontakplastiek met 'n klein stukkie.  
Bedeck die portefeulje met kontakplastiek.

**DANS en DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op terwyl die bolyf van kant na kant gedraai en die arms geswaai word. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word. Pluk appels om spiere te strek en buk om in 'n mandjie te pak.

**HULPBRONNE:****VISUELE KUNSTE:**

Kontakplastiek – klein stukkie om mee te oefen. 'n Gepaste lengte per leerder.  
Skêr en liniale  
Klein vierkante van karton om te oefen om die plastiek te plak  
Joernaal

**DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte

**INTEGRASIE:****Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Tegnologie: 3.1, 3.3

**ASSESSERING:****VISUELE KUNSTE:**

Informele assessering (om vas te stel of leerders die noodsaaklike vaardighede deur waarneming verkry het) deur portuurgroep. Doen ontwerp in joernaal.

**WEEK 4****METODOLOGIE:****VISUELE KUNSTE:**

Skep geskikte handvatsels uit verskillende materiale.

Heg handvatsels met kramdrukker of gom vas.

Onderwyser help, waar nodig, soos leerders hul sakke voltooi.

Leerders help ook hul maats om die sakke te voltooi.

**DANS en DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op terwyl die bolyf van kant na kant gedraai en die arms geswaai word. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word.

Pluk appels om spiere te strek en buk om in mandjie te pak.

**HULPBRONNE:****VISUELE KUNSTE:**

Tou, karton, plastiek, ens.

Gom, kramdrukker en skêr. Leerders bring dit van die huis af.

**DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**INTEGRASIE:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Tegnologie: 1.3

**WEEK 5****METODOLOGIE:****VISUELE KUNSTE:**

Voltooi kunswerk (portefeulje).

Besin in joernaal oor die proses.

Assesseer kunswerk en stal werk in die klas of by die skool se ingang uit.

**DANS en DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op terwyl die bolyf van kant na kant gedraai en die arms geswaai word. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word. Pluk appels om spiere te strek en buk om in mandjie te pak.

**HULPBRONNE:****VISUELE KUNSTE:**

Tou, karton, plastiek, ens.

Gom, kramdrukker en skêr.

Joernale.

Ingangsportaal / gange / personeelkamer / klaskamer.

Assesseringsvelle. Materiaal om agter werk vir die uitstalling te drapeer.

**DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**INTEGRASIE:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Tegnologie: 1.3

**ASSESSERING:****VISUELE KUNSTE:**

Formeel deur onderwyser – joernale en voltooide kunswerke

**WEEK 6****METODOLOGIE:****DANS en DRAMA:**

Doen opwarming met rekwisiete (linte, serpe, plastieksakke, ens.) Asem in en uit terwyl daar geloop word (vry asemhaling).

**MUSIEK:**

Opwarmingsoefeninge. Voete uitmekaar, haal vry asem sonder om skouers op te lig.

Asem uit en maak 'n ffffffff-geluid op 'n spesifieke toonhoogte (stygend en dalend).

Lyfslagwerk. Eers op twee vlakke, dan drie, dan vier, bv. klap hande, klap op knieë. Klap hande, klap op knieë, klap vingers. Klap hande, klap op knieë, klap vingers en stamp voete. Sê plekname ritmies, bv. Kaap-stad, Bloem-fon-tein.

**HULPBRONNE:****DANS en DRAMA:**

Linte, serpe, plastieksakke, ens. Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**MUSIEK:**

Flitskaart met die name van dorpe.

**INTEGRASIE:**

Taal Afrikaans (lettergrepe)

**ASSESSERING:**

Informeel assessering (om uit te vind of die leerders die nodige vaardighede deur waarneming verkry het).

**WEEK 7****METODOLOGIE:****DANS:**

Oefeninge soos in vorige weke gedoen.

**MUSIEK:**

Opwarmingsoefeninge soos in vorige week gedoen.

Kies 'n gepaste liedjie.

Bespreek die betekenis van die woorde van die liedjie.

Luister na die melodie van die liedjie en eggo die liedjie.

Deelsing (sing in kanon) om leerders in staat te stel om dit as rondte te sing, bv. Groep 1 sing eerste frase, wanneer hulle met tweede frase begin, begin Groep 2 met eerste frase. Wanneer Groep 1 met derde frase begin, begin Groep 3 met eerste frase, ens. Wanneer Groep 3 die liedjie twee / drie maal gesing het, eindig al die groepe saam.

**HULPBRONNE:****MUSIEK:**

Bandspeler, CD-speler, liedjievelle.

**DANS:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**INTEGRASIE:**

Taal: Afrikaans

**ASSESSERING:**

Informeel assessering

**WEEK 8****METODOLOGIE:****DANS en DRAMA:**

Warm die liggaam op. Staar in neutrale liggaamsposisie. Voete uitmekaar, haal vry asem sonder om skouers te lig.

Verduidelik algemene ruimte (met almal gedeel) en persoonlike ruimte (eie ruimte). Speel sagte musiek vir leerders om op rond te beweeg.

Stemoefeninge: gebruik duidelike artikulasie en projeksie van die stem na die agterkant van die klas. Maak asof jy met iemand teenoor jou, buite die klaskamer, aan die ander kant van die speelgrond praat (sonder om te skree).

Oefen soos in vorige weke.



<p><b>MUSIEK:</b> Opwarmingsoefeninge soos in vorige week. Kies 'n gepaste liedjie. Bespreek die betekenis van die woorde van die liedjie. Luister na die melodie van die liedjie en sing die liedjie. Deelsing (sing in kanon) om leerders in staat te stel om dit as rondte te sing, bv. Groep 1 sing eerste frase, wanneer hulle met tweede frase begin, begin Groep 2 met eerste frase. Wanneer Groep 1 met derde frase begin, begin Groep 3 met eerste frase, ens. Wanneer Groep 3 die liedjie twee / drie maal gesing het, eindig al die groepe saam.</p>
<p><b>HULPBRONNE:</b> <b>DANS en DRAMA:</b> Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte. Spesifieke artikulasie-oefeninge.</p> <p><b>MUSIEK:</b> Bandspeler, CD-speler, liedjievelle</p>
<p><b>INTEGRASIE:</b> <b>Dans:</b> Lewensoriëntering: 4.2, 4.4</p>
<p><b>ASSESSERING:</b> <b>MUSIEK:</b> Formele assessering in groepe.</p>
<p><b>WEEK 9</b></p>
<p><b>METODOLOGIE:</b></p> <p><b>DANS:</b> Oefen soos in vorige weke.</p> <p><b>DRAMA:</b> Gebruik Afrikastories om elemente van drama te ondersoek, bv. storielyn (Wat?), karakter (Wie?), wyse (Hoe?), tyd (Wanneer?), konteks (Waar?).</p>
<p><b>HULPBRONNE:</b> <b>DRAMA:</b> Drama met kinders – Geraldine Siks (Harper en Row)/ <i>Madiba Storybook</i></p>
<p><b>INTEGRASIE:</b> <b>Dans:</b> Lewensoriëntering: 4.2, 4.4 Taal – Afrikaans</p>
<p><b>ASSESSERING:</b> <b>MUSIEK:</b> Voltooi formele assessering in groepe.</p>

## WEEK 10

### METODOLOGIE:

#### DRAMA:

Gebruik Afrikastories om elemente van drama te ondersoek, bv. storielyn (Wat?), karakter (Wie?), wyse (Hoe?), tyd (Wanneer?), konteks (Waar?).

#### DANS:

Ruggraatbuigsaamheid: Staan gemaklik, voete uitmekaar, haal vry asem sonder om skouers te lig.

Rol die ruggraat vir 8-6-4-2-1 tellings na onder.

Staan met jou voete parallel, buig jou knieë effens en laat sak jou ken op jou bors.

Laat die gewig van jou kop jou bolyf aftrek totdat jy dubbel gevou is.

Rol stadig op deur jou heupe, maag, bors en laastens jou kop te lig totdat jy weer regop staan.

Herhaal hierdie oefening minstens vier maal.

Dit sal jou nek en ruggraat opwarm.

Indien leerders sukkel om hierdie beweging korrek uit te voer, kan een van die volgende onderriginstrumente gebruik word:

- a. Leerders sit in pare op die vloer, rug-aan-rug, met koppe en hele rug wat aanmekaar raak. Hulle rol stadig vorentoe, koppe weg van mekaar, dan die agterkant van hulle ribbekas en dan die lae rug, totdat hulle so laag as wat hulle kan oor hulle bene hang. Hulle doen dit dan omgekeerd en rol teen mekaar op tot hulle regop sit.
- b. Prettige onderwysergeleide opwarming. Gebruik musiek met 'n swaar polsslag.  
Beweeg liggaamsdele in volgorde:
  - Beweeg net kop
  - Beweeg net skouers
  - Gaan voort met arms, heupe, bene
  - Eindig deur skouers, dan arms, heupe en bene terselfdertyd te beweeg

### HULPBRONNE:

#### DRAMA:

Drama met kinders – Geraldine Siks (Harper en Row)/ *Madiba Storybook*

#### DANS:

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

### ASSESSERING:

Joernaal, informele assessering.

Informele assessering van opwarming.

## KWARTAAL 2

### WEEK 11

#### **METODOLOGIE:**

#### **DRAMA en DANS:**

Warm op deur 'n oordrewe geloop in die algemene ruimte. Lig knieë en arms met elke tree hoër as gewoonlik. Leerders volg onderwyser.

#### **MUSIEK:**

Kies en luister na musiek uit verskillende kulturele omgewings bv. isiXhosa, Kaapse Klopse, Skotse, Indiese, Afrikaanse. Deel velle met lirieke van geselekteerde liedjie uit. Bespreek lirieke van die geselekteerde liedjies in groepe. Teken dit op velle op.

#### **VISUELE KUNSTE:**

Kies 'n versie uit die geselekteerde liedjie. Skryf die versie kreatief oor 'n A4-vel neer en voeg 'n gepaste tekening by.

#### **HULPBRONNE:**

#### **DRAMA en DANS:**

Musiek en speler. Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte. Verlengingskoord.

#### **VISUELE KUNSTE:**

A4-kardoespapier, verskillende kunsmedia. Bêre voltooide werk in portefeulje.

#### **MUSIEK:**

Afskrifte van geselekteerde liedjie. Optekenvelle.

#### **INTEGRASIE:**

#### **Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

### WEEK 12

#### **METODOLOGIE:**

#### **DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op terwyl die bolyf van kant na kant gedraai en die arms geswaai word. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word. Pluk appels om spiere te strek. Doen die volgende bewegings met 'n gespanne / ontspanne liggaam: gooi, skop, trek, swaai, lig, druk, draai, stoot.

#### **DANS:**

Ondersoek persoonlike- en algemene ruimte deur prente / foto's of dansers en demonstreer terwyl opgewarm word. Bewegings wat sterk (gespanne) en baie energiek is, word gewoonlik gedoen deur die liggaam redelik rigied te hou. Swakker, sagter bewegings is meer ontspanne. Voorbeelde: Staar regop en trek jou spiere saam. Hoe voel dit? Watter tipe van bewegings kan jy met 'n gespanne liggaam maak as jy staan? Watter tipe van bewegings kan jy met 'n ontspanne liggaam maak? Doen asemhalingsoefeninge om af te koel, bv. lê op jou rug en sit jou hande op jou bors. Asem diep in en lig jou borskas stadig op. Asem stadig uit en laat jou hande afval. Herhaal die oefening. Wag 'n rukkie as jy duiselig voel.

**MUSIEK:**

Gebruik geselekteerde musiek uit verskillende kulturele omgewings. Verduidelik die lirieke (woorde of liedjie) en die vorm (binêr (tweeledig) AB en ternêr (drieledig) ABA).

Verduideliking: Binêr – sny brood met grondboontjebotter (oop)

Ternêr – sny brood met grondboontjebotter en sny bo-op.(toe)

Voorbeeld: AB – Kom uit en kom kyk (A)

Die bruid is so mooi soos die sterre (B)

Voorbeeld: ABA – Kom uit en kom kyk (A)

Die bruid is so mooi soos die sterre (B)

Kom uit en kom kyk (A)

**HULPBRONNE:****DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**DANS:**

Tydskrifte, prente, DVD's, video's, Internet, ens.

**MUSIEK:**

Geselekteerde liedjie in binêre (tweeledig) en ternêre (drieledig) vorm. OHP, flitskaarte

**INTEGRASIE:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

**WEEK 13****METODOLOGIE:****DANS:**

Geleide opwarming, ondersoek persoonlike- en algemene ruimte, gespanne en ontspanne beweging.

Kyk na 'n video of DVD.

**MUSIEK:**

Sing geselekteerde musiek uit verskillende kulturele omgewings.

**HULPBRONNE:****DANS:**

DVD / video, opnemer.

**MUSIEK:**

Geselekteerde liedjie uit verskillende kulturele omgewings, soos in Week 12.

**INTEGRASIE:****Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

## WEEK 14

### **METODOLOGIE:**

#### **DANS en DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op terwyl die bolyf van kant na kant gedraai en die arms geswaai word. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word. Pluk appels om spiere te strek en buk om in mandjie te pak. Onderrig basiese volgorde van geselekteerde kulturele dans.

#### **MUSIEK:**

Definieer die woord 'ritueel': 'n ritueel is 'n roetine of seremonie wat oor en oor herhaal word. Dit het gewoonlik 'n spirituele of kulturele betekenis, bv. om mekaar te groet deur hande te skud is byvoorbeeld 'n sosiale ritueel.

Maak biblioteekboeke, DVD's en internet beskikbaar vir navorsing oor rituele.

#### **VISUELE KUNSTE:**

Bespreek programme in groepe. Gebruik werklike kunsartikels vir die bespreking. Teken bevindinge op 'n vel papier op.

### **HULPBRONNE:**

#### **DANS en DRAMA:**

DVD

#### **MUSIEK:**

Navorsingsboeke, Internet, en beskikbare DVD's. Eie ervaring van rituele, bv. kerk, begrafnis, ens.

#### **VISUELE KUNSTE:**

Ou uitnodigings, begrafnisprogramme, ens. Velle papier om punte op te teken. Viltpenne of kryte om mee te skryf.

### **INTEGRASIE:**

#### **Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

## WEEK 15

### **METODOLOGIE:**

#### **MUSIEK:**

Onderwyser help met verduideliking van simbolisme / betekenis van ritueel. Leerders doen beplanning vir navorsing in joernaal.

#### **DANS:**

Bespreek dansvorme (individueel of pare of groepdans). Gebruik oorspronklike dansreeks om 'n nuwe dansroetine te improviseer.

**VISUELE KUNSTE:**

Skep eie uitnodigings en begrafnisprogramme met beskikbare materiale. Kyk na uitleg, ontwerp, kleur, lyn, ens.

**HULPBRONNE:****MUSIEK:**

Joernale.

**DANS:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**VISUELE KUNSTE:**

Manilapapier of ander stywe papier. Liniale, uitveërs, potlode, tydskrifte, gom, ander kunsmedia.

**INTEGRASIE:****Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Sosiale Wetenskappe: 2.2.

**WEEK 16****METODOLOGIE:****DANS:**

Groepe / maats voer geïmproviseerde roetine op.

**MUSIEK:**

Aanbieding van navorsing oor rituele. Joernaalinskrywing met gepaste tekeninge.

**VISUELE KUNSTE:**

Voltooi eie uitnodigings en begrafnisprogramme met beskikbare materiale. Kyk na uitleg, ontwerp, kleur, lyn, ens.

**HULPBRONNE:****DANS:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**MUSIEK:**

Joernale, leerders se eie kleurpotlode en -kryt

**VISUELE KUNSTE:**

Manilapapier of ander stywe papier. Liniale, uitveërs, potlode, tydskrifte, gom, ander kunsmedia.

**INTEGRASIE:****Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

## WEEK 17

### **METODOLOGIE:**

#### **DANS:**

Oefen dans van vorige week vir finale opvoering.

#### **DRAMA:**

In groepe, skep en ontwikkel dialoog deur brokkies te gebruik wat konflik uitbeeld.

#### **VISUELE KUNSTE:**

Bespreking oor die doel en ontwerp van kunswerk.

### **HULPBRONNE:**

#### **DANS:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

#### **DRAMA:**

Brokkies uit koerante

#### **VISUELE KUNSTE:**

Voltooide programme en uitnodigings.

### **INTEGRASIE:**

#### **Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

## WEEK 18

### **METODOLOGIE:**

#### **DANS:**

Neem beurte om kulturele dansroetines in groepe op te voer. Onderwyser kan video-opname reël of foto's neem terwyl groepe hul werk aanbied.

#### **DRAMA:**

Leerders werk in pare en een se oë is toegebind terwyl die ander een hom / haar in die klas deur die algemene ruimte lei of speel volg-die-leier, waar 'n mens die aksie presies soos iemand anders doen. Vokale opwarming, bv. neurie vir jouself met jou mond toe, neurie op dieselfde toonhoogte (noot).

### **HULPBRONNE:**

#### **DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

Serpe om oë toe te bind.

### **INTEGRASIE:**

#### **Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Taal: 2.1

<p><b>ASSESSERING:</b> Joernaalinskrywing word geassesseer.</p>
<p><b>WEEK 19</b></p>
<p><b>METODOLOGIE:</b></p> <p><b>DANS:</b> Finale opvoering van dans Besinning oor opvoering in joernaal</p> <p><b>DRAMA:</b> Vokale opwarming, bv. neurie vir jouself met jou mond toe, neurie op dieselfde toonhoogte (noot). Leerders werk in pare waar een 'n aksie in een rigting doen en die ander een 'n spieëlbeeld van die aksie doen, bv. as een na links beweeg, beweeg die ander een na regs.</p>
<p><b>HULPBRONNE:</b> <b>DRAMA:</b> Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.</p>
<p><b>INTEGRASIE:</b> <b>Dans:</b> Lewensoriëntering: 4.2, 4.4 Taal: 2.1</p>
<p><b>ASSESSERING:</b> Joernaalinskrywing.</p>
<p><b>WEEK 20</b></p>
<p><b>METODOLOGIE:</b></p> <p><b>DRAMA:</b> Besin in joernaal oor rituele, soos 'n begrafnis, troue of doop wat leerders in die gemeenskap bygewoon het en fokus op patroon, herhaling en volgorde.</p>
<p><b>HULPBRONNE:</b> Gesinne en familieledede as bronne van inligting oor rituele</p>
<p><b>INTEGRASIE:</b> <b>Dans:</b> Lewensoriëntering: 4.2, 4.4 Sosiale Wetenskappe 1.3</p>
<p><b>ASSESSERING:</b> Joernaalinskrywing</p>



## **KWARTAAL 3**

### **WEEK 21**

#### **METODOLOGIE:**

#### **DANS en DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op terwyl die bolyf van kant na kant gedraai en die arms geswaai word. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word. Pluk appels om spiere te strek en buk om in mandjie te pak. Onderrig basiese volgorde van geselekteerde kulturele dans.

#### **MUSIEK:**

Gebruik geselekteerde musiek uit Suid-Afrikaanse musiekgenres. Eers op twee vlakke, dan drie en dan vier: Ritmiese eggobeweging: Klap hande, klap op knieë. Klap hande, klap op knieë, klap vingers. Klap hande, klap op knieë, klap vingers en stamp voete. Sê plekname terwyl daar ritmies geklap word, bv. Kaap-stad, Bloem-fon-tein. Luister na die musiek en maak die onderwyser se geklap na.

#### **VISUELE KUNSTE:**

Knip handelsmerke uit tydskrifte en sit dit in 'n koevert vir elke groep om te bespreek. Definieer "graffiti": skryf- of tekenwerk wat onwettig op 'n muur of ander oppervlak in 'n openbare plek gegriffel, gekrap of gespuit is. Definieer 'muurskildery': 'n skildery of ander kunswerk op 'n muur.

#### **HULPBRONNE:**

#### **DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

#### **MUSIEK:**

Geselekteerde musiek, bande, CD's, CD-speler, flitskaarte met half-, kwart- en agste note.

#### **VISUELE KUNSTE:**

Tydskrifte, foto's of graffiti en muurskilderye, Internet, oorhoofse projektor, penne, transparante, video's en DVD's

#### **INTEGRASIE:**

#### **Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Taal: 2.1

### **WEEK 22**

#### **METODOLOGIE:**

#### **DANS en DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op terwyl die bolyf van kant na kant gedraai en die arms geswaai word. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word. Pluk appels om spiere te strek en buk om in mandjie te pak. Onderrig basiese volgorde van geselekteerde kulturele dans.

**MUSIEK:**

Dinamika verwys na hardheid of sagtheid van die musiek (nie die volume nie). Musikale patrone verwys na herhaling van frase, ritme of woorde. Luister na geselekteerde musiek uit Suid-Afrikaanse musiekgenres. Identifiseer ritmiese patrone en dinamika van musiek.

**VISUELE KUNSTE:**

Loop deur die gemeenskap en bespreek muurskilderye, graffiti, ens.  
Kyk na simbole en tekens in die muurskildery en in gemeenskapsadvertensieborde.

**HULPBRONNE:****DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**MUSIEK:**

Geselekteerde musiek, bande, CD's, CD-speler, flitskaarte met half-, kwart- en agste note

**VISUELE KUNSTE:**

Gemeenskapskuns en advertensieborde (Maak vooraf seker waar die kunswerke geleë is. Maak seker dat u genoegsame veiligheidsmaatreëls getref het.)

**INTEGRASIE:****Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Taal: 2.1

**WEEK 23****METODOLOGIE:****DANS en DRAMA:**

Warm op deur te loop. Loop stadig en tel geleidelik spoed op terwyl die bolyf van kant na kant gedraai en die arms geswaai word. Asem in en uit (vry asemhaling) terwyl daar geloop word. Pluk appels om spiere te strek en buk om in mandjie te pak. Onderrig basiese volgorde van geselekteerde kulturele dans.

**MUSIEK:**

Dinamika verwys na hardheid of sagtheid van die musiek (nie die volume nie). Musikale patrone verwys na herhaling van frase, ritme of woorde. Luister na geselekteerde musiek uit Suid-Afrikaanse musiekgenres. Identifiseer ritmiese patrone en dinamika van musiek.

Ondersoek tromtegnieke deur op lessenaars of tuisgemaakte tromme te oefen. Tegnieke: *base slap, open slap, demp*

**VISUELE KUNSTE:**

Dink aan boodskap om as deel van muurskildery te gebruik. Speel met materiale om die beste en mees geskikte kunsmedia te vind om die muurskildery mee te skep.

**HULPBRONNE:****DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**MUSIEK:**

Geselekteerde musiek, bande, bandspeler, tuisgemaakte of oorspronklike tromme en lessenaars.

**VISUELE KUNSTE:**

Verf (water-, olie-, spuitkannetjies, kwasse, karton).

**INTEGRASIE:****Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Taal: 2.3

**ASSESSERING:**

Groepassessering.

**WEEK 24****METODOLOGIE:****DANS en DRAMA:**

Ruggraatbuigsaamheid: Staan gemaklik, voete uitmekaar, haal vry asem sonder om skouers te lig, knieë oor tone.

Rol die ruggraat vir 8-6-4-2-1 tellings na onder.

Staan met jou voete parallel, buig jou knieë effens en laat sak jou ken op jou bors.

Laat die gewig van jou kop jou bolyf aftrek totdat jy dubbel gevou is.

Rol stadig op deur jou heupe, maag, bors en laastens jou kop te lig totdat jy weer regop staan.

Herhaal hierdie oefening minstens vier maal.

Dit sal jou nek en ruggraat opwarm.

Asem in wanneer jy regop staan en asem uit terwyl jy afrol. Asem in wanneer jy oprol.

**MUSIEK:**

*soh* en *me* op balk

**VISUELE KUNSTE:**

Beplan 'n muurskildery op velle papier. Verdeel velle in ruite.

**HULPBRONNE:****DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**MUSIEK:**

Sien addendum.

**VISUELE KUNSTE:**

Velle papier. Liniale om ruit op vel papier te teken.

**INTEGRASIE:****Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Tegnologie: 1.2.2

**ASSESSERING:**  
**VISUELE KUNSTE:**  
Groepassessering.

**MUSIEK:**  
Onderwyser assesses singery informeel.

## WEEK 25

### **METODOLOGIE:**

#### **DANS en DRAMA:**

Ruggraatbuigsaamheid: Staan gemaklik, voete uitmekaar, haal vry asem sonder om skouers te lig, knieë oor tone.

Rol die ruggraat vir 8-6-4-2-1 tellings na onder.

Staan met jou voete parallel, buig jou knieë effens en laat sak jou ken op jou bors.

Laat die gewig van jou kop jou bolyf aftrek totdat jy dubbel gevou is.

Rol stadig op deur jou heupe, maag, bors en laastens jou kop te lig totdat jy weer regop staan.

Herhaal hierdie oefening minstens vier maal.

Dit sal jou nek en ruggraat opwarm.

Asem in wanneer jy regop staan en asem uit terwyl jy arol. Asem in wanneer jy oprol.

Doen veilige spronge: kniebuigings, knieë oor middelste tone. Voeg spronge by deur met die voete van die vloer weg te stoot en sag en stil te land.

**MUSIEK:**  
*soh, me en lah* op balk.

**VISUELE KUNSTE:**  
Dra ruit en muurskildery op muur oor en fokus op lyntekening.

### **HULPBRONNE:**

#### **DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

**MUSIEK:**  
Sien addendum.

#### **VISUELE KUNSTE:**

Potlode, kryte, beskikbare muur, vel met beplande muurskildery. Staalreling om ruit op muur mee te teken.

### **INTEGRASIE:**

#### **Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Tegnologie: 1.2.2

### **ASSESSERING:**

**MUSIEK:**  
Onderwyser assesses singery informeel.

## WEEK 26

### METODOLOGIE:

#### DANS en DRAMA:

Ruggraatbuigsaamheid: Staan gemaklik, voete uitmekaar, haal vry asem sonder om skouers te lig, knieë oor tone.

Rol die ruggraat vir 8-6-4-2-1 tellings na onder.

Staan met jou voete parallel, buig jou knieë effens en laat sak jou ken op jou bors.

Laat die gewig van jou kop jou bolyf aftrek totdat jy dubbel gevou is.

Rol stadig op deur jou heupe, maag, bors en laastens jou kop te lig totdat jy weer regop staan.

Herhaal hierdie oefening minstens vier maal.

Dit sal jou nek en ruggraat opwarm.

Asem in wanneer jy regop staan en asem uit terwyl jy afrol. Asem in wanneer jy oprol.

Doen veilige spronge: kniebuigings, knieë oor middelste tone. Voeg spronge by deur met die voete van die vloer weg te stoot en sag en stil te land.

#### MUSIEK:

*soh, me* en *lah* op balk. Dreunsing ritmiese patroon. Komponeer eie liedjie.

#### VISUELE KUNSTE:

Gebruik geskikte en beskikbare kunsmateriaal om kleur aan die muurskildery te gee.

### HULPBRONNE:

#### DANS en DRAMA:

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte.

#### MUSIEK:

Sien addendum.

#### VISUELE KUNSTE:

Sproeiverf, blikke verf, kwasse, rollers, swart sakke om klere te bedek, 'n muur wat groot genoeg is om op te verf.

### INTEGRASIE:

#### Dans:

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

Tegnologie: 1.2.2

### ASSESSERING:

#### MUSIEK:

Onderwyser assesser ritmiese patrone formeel.

## WEEK 27

### **METODOLOGIE:**

#### **DANS en DRAMA:**

Ruggraatbuigsaamheid: Staan gemaklik, voete uitmekaar, haal vry asem sonder om skouers te lig, knieë oor tone.

Rol die ruggraat vir 8-6-4-2-1 tellings na onder.

Staan met jou voete parallel, buig jou knieë effens en laat sak jou ken op jou bors.

Laat die gewig van jou kop jou bolyf aftrek totdat jy dubbel gevou is.

Rol stadig op deur jou heupe, maag, bors en laastens jou kop te lig totdat jy weer regop staan.

Herhaal hierdie oefening minstens vier maal.

Dit sal jou nek en ruggraat opwarm.

Asem in wanneer jy regop staan en asem uit terwyl jy afrol. Asem in wanneer jy oprol.

Doen veilige spronge: kniebuigings, knieë oor middelste tone. Voeg spronge by deur met die voete van die vloer weg te stoot en sag en stil te land.

#### **MUSIEK:**

*soh, me, lah en doh* op balk. Komponeer eie liedjie deur spreekwoorde te gebruik, bv. lepel in die dak steek.

#### **VISUELE KUNSTE:**

Gebruik geskikte en beskikbare kunsmateriaal om kleur aan die muurskildery te gee.

### **HULPBRONNE:**

#### **DANS en DRAMA:**

Voldoende binnenshuise en buitenshuise ruimte

#### **MUSIEK:**

Sien addendum.

#### **VISUELE KUNSTE:**

Sproeiverf, blikke verf, kwasse, rollers, swart sakke om klere te bedek, 'n muur wat groot genoeg is om op te verf.

### **INTEGRASIE:**

#### **Dans:**

Lewensoriëntering: 4.2, 4.4

